Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Vuyelwa Madasi
Direktoraat: Inrigtingshulpbronondersteuning
Vuyelwa.Madasi@westerncape.gov.za | 021 467 2108

Lêerno.: 18/5/2
Verwysing: 20230123-542

Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut: 0002/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Prinsipale van gewone openbare en tersaaklike spesiale skole

Onderwerp: Aanlyn stelsel vir graad R- tot 9-werkboeke vir 2023

1. Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut 0008/2022, gedateer 12 Augustus 2022, het gemeld dat werkboeke vir graad R tot 9, vir die tweede helfte van 2023, by alle skole afgelewer is.

2. Ten einde werkboektekorte en -surplusse vir graad R tot 9 in die tweede helfte van 2023 vroegtydig te identifiseer, moet alle openbare skole tussen 08 en 12 Mei 2023 toegang tot SOBIS verkry. Skole moet gedurende hierdie tydperk die werklike getal werkboeke wat vir elke graad ontvang is, bywerk en teenoor hul geraamde leerdergetalle vir Julie 2023 afteken.

3. Wanneer toegang tot SOBIS verkry is, moet skole die "Administration"-opsie op die keuselys kies. Kies "Workbooks" op die aftreklysie en dan die "Welcome and guidelines"- of "Capture"-skerm.

4. Die volgende persone kan gekontak word indien u hulp nodig het met die vaslegging van u besonderhede en die aftekenproses:

   Vuyelwa Madasi by tel. 021 467 2108 of per e-pos by Vuyelwa.Madasi@westerncape.gov.za
   Kashiefa Sedien by tel. 021 467 2553 of per e-pos by Kashiefa.Sedien@westerncape.gov.za
   Noncedo Mbali by tel. 021 467 2142 of per e-pos by Noncedo.Mbali@westerncape.gov.za

5. Sodra die skool se werkboekbesonderhede vir die onderskeie fases bygewerk is, moet die aftekenproses voltooi word.

6. Die inligting wat rakende werkboektekorte en -surplusse ingewin is, sal via EduInfoSearch beskikbaar gestel word aan distriksamptenare, wat verantwoordelik sal wees vir die fasilitering van die verspreiding en insameling van werkboeke waar tekorte of surplusse voorkom.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel.

GETEKEN: MS ABRAHAMS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2023-02-10